HOËRSKOOL RANDBURG

SLAGGEREED

JAARVERSLAG

2022

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

Inhoudsopgawe

ALGEMENE INLIGTING 4
LEERDERTAL: 10DE SKOOLDAG (2022) 4
DIE VOLGENDE VAKKE WORD BY DIE SKOOL AANGEBIED 4
SPORTSOORTE BY DIE SKOOL 6
FASILITEITE 6
OP DIE VERHOOG VIND ONS 6
PERSONEELPROFIEL 6
ONDERSTEUNERSGELEENTHEDE VIR OUERS 6
ONDERWYSHULPDIENS 2022 6
GRAAD 8-KAMP & GROENTJIEKONSERT 2022 7
MATRIEKAFSKEID 2022 7
OUERAANDE 2022 7
PERSONEEL WAT IN 2022 BY ONS BEGIN HET 7
PERSONEEL WAT ONS IN 2022 VERLAAT 7
BEHEERLIGGAAM VAN 2022 7
STUDENTEFORUM VAN 2022 8
2022 GRAADVOOGDE & REGISTERONDERWYSERS 9
FINANSIES (2022) 9
AKADEMIE 2022 10
GRAAD 12: NA HERMERKE 10
AKADEMIESE REKORD VAN 1996 13
SIMBOOLVERSPREIDING 14
UITSLAE VAN ANDER GRADE VIR 2022 15
SPORT 16
RUGBY 16
NETBAL 16
SKAAK 16
TENNIS 16
SWEM 17
FIETSRY 17
RUITERSPORT 17
HOKKIE 17
KRIEKET 17
SKIET 17
LANDLOOP 18
ATLETIEK 18
BUITESKOOLSPORT 18
KULTUUR 19
SKOOLKOOR: 19
JEUGKOOR: 19

ANDER KOMPETISIES (MUSIEK; DRAMA; DANS; MODELWERK) EN OPTREDES: 19
EISTEDDFOD: 21
PRODUKSIES: 23
KRIEWELFEES: 25
ANDER PRODUKSIES (BUITE SKOOL): 26
REDENAARS: 27
SPEECH GUILD: 28
DANS KOMPETISIES EN *FESTIVALS*: 28
SKRYFKUNS: 31
VOORTREKKERS: 31
JUNIOR STADSRAAD 32
KULTUURTROFEES: 32
BEHEERLIGGAAMVOORSITTERVERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD) 33
HOOF SE VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD).....34

ALGEMENE INLIGTING

LEERDERTAL: 10DE SKOOLDAG (2022)

	Seuns	Dogters	Totaal
Gr 8	108	85	193
Gr 9	86	94	180
Gr 10	90	98	188
Gr 11	74	84	158
Gr 12	61	69	130
Totaal	391	427	818

DIE VOLGENDE VAKKE WORD BY DIE SKOOL AANGEBIED

GRAAD 8 EN 9: ALGEMENE OPVOEDING EN OPLEIDING (GET)
Die volgende leerareas, wat onderhewig is aan die voorskrifte van die Departement van Onderwys, word gevolg:

- Taal, Geletterdheid en Kommunikasie;
- Wiskunde;
- Natuurwetenskap;
- Sosiale Wetenskap;
- Tegnologie;
- Lewensoriëntering;
- Ekonomiese en Bestuurswetenskap;
- Kuns en Kultuur.

Graad 9-leerders skryf psigometriese toetse ten einde die regte vakkeuse vir graad 10 te maak. Die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid verleen dan individuele hulp aan graad 9-leerders en hul ouers sodat hulle 'n ingeligte en verantwoordelike besluit kan neem.

GRAAD 10 TOT 12: VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING (FET/VOO)
Leerders wat die VOO suksesvol voltooi, ontvang aan die einde van graad 12 'n sertifikaat. Hierdie VOO-sertifikaat is 'n vlak-4-kwalifikasie, soos bepaal deur die Nasionale Kwalifikasie-owerhede.
Die doel van die VOO is om:

- leerders met kennis, vaardighede en waardes toe te rus om sinvol in die gemeenskap deel te neem;
- 'n betroubare en geloofwaardige basis vir verdere toelating tot Hoër Onderwys te vorm;
- werkgewers 'n realistiese profiel van die leerder se kennis, vaardighede en vermoë te gee.

Die VOO bestaan uit 'n fundamentele komponent en 'n kern- en keusekomponent.

FUNDAMENTEEL (Verpligtend)	
	• Afrikaans Huistaal • English Home Language of English First Additional Language • Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid • Lewensoriëntering
KERN & KEUSE	
Kuns & Kultuur	• Ontwerp • Dramatiese Kunste • Musiek • Dans • Visuele Kunste
Sake, Handel & Bestuurstudies	• Rekeningkunde • Besigheidstudies • Ekonomie • Gasvryheidstudies • Toerisme
Vervaardiging,Ingenieurs & Tegnologie	• Ingenieursgrafika en -ontwerp
Mens & Sosiale Studies	• Geografie & Geskiedenis
Fisiese, Wiskundige, Rekenaar-, Lewens- & Landbouwetenskappe	• Rekenaartoepassingstegnologie • Inligtingstegnologie • Lewenswetenskappe • Fisiese Wetenskappe
Na-uurse vakke	• Ontwerp • Musiek • Inligtingstegnologie • Rekenaartoepassingstegnologie • Ekonomie • Toerisme Gr 11 en 12 • Besigheidstudies Gr 10 en 11

GEVORDERDE WISKUNDE

Die sillabus van hierdie addisionele vak is gerig op leerders wat goed in Wiskunde presteer om hulle hoër denkprosesse te ontwikkel en hulle op 'n suksesvolle universiteitsloopbaan voor te berei.

Die vak word onder leiding van *AdMaths* in Brackenfell aangebied. Leerders kan reeds in graad 8 inskryf. Klasse vind een keer per week vir een en 'n half uur plaas. Lesinhoud en ander inligting word op elke leerder se eie webprofiel gepubliseer.

Mev. Ellenize Mans bied die graad 11- en graad 12-klasse aan, mev. Leoné Brits is die onderwyser vir graad 10-leerders, mev. Chanté Bezuidenhout vir graad 9-leerders.

Assessering word deur middel van tutoriale en formele toetse en eksamens gedoen. In graad 12 word die voorbereidende en eindeksamen van die Onafhanklike Eksamenraad afgelê óf die eksamen word deur *AdMaths* opgestel. Leerders ontvang 'n afsonderlike sertifikaat met hulle Gevorderde Program Wiskundepunt.

SPORTSOORTE BY DIE SKOOL

Atletiek, hokkie, krieket, landloop, netbal, perdry, rugby, skaak, skiet, bergfietsry, swem, tafeltennis, tennis en esport. Ons leerders neem ook aan dans, hengel, karate, tae kwondo, padfietsry, ens. deel.

FASILITEITE

Hoërskool Randburg spog tans met 'n baie mooi terrein met sy kleurryke blomme en pragtige fasiliteite. Dit word in stand gehou deur ons algemene assistente en terreinbestuurder. Hulle werk baie hard en daarvoor sê ons baie dankie. Vanjaar het ons 'n afdak oor ons vierkant gebou. Die fasiliteit help dat leerders tydens opening nie in die bloedige son hoef te sit nie en om alle weersomstandighede te kan trotseer. Die fasiliteit word ook met groot sukses vir baie ander funksies en aktiwiteite aangewend. Ons Dankie Randjiefees was een voorbeeld hiervan. Die matriekafskeid kan nou weer by die skool gehou word, sonder om tente teen astronomiese bedrae te huur. Hierdie sal dus 'n veeldoelige sentrum wees. Ons het ook 'n afdak oor ons A-netbalbaan en paviljoen gebou. Die swembad se vloeroppervlakte is herstel en oorgeverf. Normale instandhouding word, soos benodig, deur die jaar gedoen.

OP DIE VERHOOG VIND ONS

Koor en *A Cappella*, Tienertoneel, verhoogproduksies, dramaproduksies, debat (Eng.), redenaars (Afr. & Eng.), *speech guild,* kunskompetisies & kunsuitstallings, skryfkompetisies, Eisteddfod, 'n kultuurfees vir almal, orkeste, sang en instrumentale musiek en ons skool se eie *rock band, Footsteps on the Moon*.

PERSONEELPROFIEL

Hoërskool Randburg se personeel bestaan uit 64 onderwysers, 'n opvoedkundige sielkundige, 'n berader, ses musieksentrumpersoneel, agt administratiewe personeel, twee ondersteuningspersoneel en 15 algemene assistente.

Inligting van onderwysers is as volg.

Ouderdom (in jare)	<30	30 – 40	41 – 50	>50
	20	16	12	16

Tersiêre Kwalifikasies		
	Nagraadse Diploma (nie-onderwys)	2
	Diploma (onderwys)	34
	B-graad	54
	Hons.	21
	Meesters	2
	Doktors	1

ONDERSTEUNERSGELEENTHEDE VIR OUERS

- Hoërskool Randburg se ouers bedryf ondersteunersaksies in verskeie sport- en kultuuraktiwiteite wat fondse vir die ondersteuning van skoolaktiwiteite insamel, d.i. sport, kultuur & akademie. Sulke komitees word behoorlik gekonstitueer.
- Kwaliteit afrigters word, met behulp van ouers, vir A- en B-spanne voorsien.
- Toerusting word aangekoop en fasiliteite word uitgebrei en in stand gehou.
- Ouers reël ook jaarliks die matriekafskeid.

ONDERWYSHULPDIENS 2022

Die volgende is nog van die dienste wat by die skool aangebied word:

- vakbegeleiding;
- psigometriese toetse om leerders met vakkeuse te help;
- beroepsleiding;
- ondersteuning vir onderpresteerders en druipelinge;
- opvoedkundige sielkundige voltyds in diens by die SAU vir korttermynintervensies;
- leerfasilitering;
- trauma-hantering en verwysing soos nodig.
- Akademie word by die skool tydens skoolure en op *Google Classroom* aangebied.

Die meeste van dié dienste word vanuit die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid aangebied en bestuur.

GRAAD 8-KAMP & GROENTJIEKONSERT 2022

Wat 'n geleentheid om die leerders se talent en samewerking sowel as deursettingsvermoë te ontwikkel. Die gr 8's kamp Maandag en Dinsdag by die skool en Donderdagaand is daar 'n groentjiekonsert met drie vertonings.

MATRIEKAFSKEID 2022

Op 1 Oktober hou ons matrieks, matriekafskeid by Bryanston Country Club. Dit was 'n spoggeleentheid. Die gr 12-ouers het geen moeite ontsien nie.

OUERAANDE 2022

Jaarliks word oueraande vir spesifieke grade gehou en ook vakaande waar ouers die geleentheid kry om vakonderwysers te besoek. Graadoueraande word in groepe bygewoon, terwyl algemene aande per afspraak plaasvind.

PERSONEEL WAT IN 2022 BY ONS BEGIN HET

- Etienne Engelbrecht
- Emogene Meiring
- Dedre Oosthuizen
- Janné Roos
- Neal Stevenson
- Céhanè Lubbe
- Katy Ndlovu
- Bessie Botha
- Christo Naudé

PERSONEEL WAT ONS IN 2022 VERLAAT

- Corlia Tepper
- Armand Erasmus
- Nadine Pretorius
- Beate Kruger
- Christa Smal

BEHEERLIGGAAM VAN 2022

PERSONEEL

Pieter Booysen (hoof), Tony Knoetze (adjunkhoof), Ellenize Mans (adjunkhoof), Grethe van Zyl (adjunkhoof) en Madeleine Raubenheimer (nie-onderwyspersoneel)

OUERS
Greg Aucamp, Jan Bosman, Kenneth Colin, Carolina Henn, Charl Jansen van Rensburg, Corli le Roux, Jaco Pretorius, Graeme Ross en Tom Smith

GEKOÖPTEERDE LEDE
Tian Mans, Annette Steenekamp, Santi van den Berg en Vossie Vosloo

LEERDERS
Marlé Bosman (hoofdogter) en Arno Janse van Rensburg (hoofseun)

STUDENTEFORUM VAN 2022

SENIORKOMPONENT (GRAAD 12)
Arno Janse van Rensburg, Garren Beaven, Keelin Boake, Marlé Bosman, Mignon Bothma Dietloff Bredenkamp, Shené Coetsee, Jacques Cronjé, Jolandi de Beer, Corné de Lange, Carla de Wit, Francois de Wit, Reece du Toit, Lara Mari Fouché, Lourens Fourie, Karli Henning, Daniel Herbst, Christelle Jones, Dané Kotzé, Lourens Kruger
Kayla La Grange, Zonica Lindeque, Divan Weyers Loock, Stephan Mans, René Opperman, Anja Pampel, Bianca Pienaar, Inge Ross, Elgar Schoeman, Kimmie Swanepoel, Elca van Heerden, Chloé van der Westhuizen, Marcel Wagenaar, Juandi Wasserman en Ronan Welman

JUNIORKOMPONENT (GRAAD 8 TOT 12)
8A Liam Benade van Niekerk en Bianca de Villiers
8B Miller Kruger en Anika Moolman
8C Erik Breedt en Lia Pretorius
8D Ty Breed en Beaulah du Plessis
8E Benji Schoemand en Monique du Plessis
8F Nicholaas le Grange en Lara Boshoff
8G Lucky Khumalo en Mareli Wasserman
8H Carlo Snyman en Mieke Botha
8I Kyle Morton en Ané le Roux
9A Zander van Tonder en Lindsey Liebenberg
9B Ethan Bester en Mikayla Oertel
9C Reuben Christensen en Ingrid Bekker
9D Albert Venter en Anika du Preez
9E Jack Lotter en Annika Swanepoel
9F Wian Gouws en Meagan Bridger
9G Rico Vosloo en Cristi Laubscher
9H Malan van Heerden en Zania Muller
10A JP Nel en Mia van Rooyen
10B Stephan Fouche en Lara Minnaar
10C Willie Lindique en Elaine Wijnbeek
10D Kevin Marais en Jawé Dreyer
10E Jan-Rudolf Britz en Chanri van Niekerk
10F Karl Wasserman en Marissa van den Berg
11A John-Lee van Deventer en Elisna Fourie
11B Josh le Roux en Mia le Roux
11C Stian van der Walt en Anke de Frey

11D Sebastian Suhr en Jana van den Berg
11E Marcel Naude en Tayla Smith
12A Nicolene Crous en Beate Lagendyk
12B Pierre Anri Potgieter en Jennifer Botha
12C Ruben Coetzee en Esha van Schelt
12D Divan van der Merwe en Tiana Goosen
12E Eben de Villiers en Charlene Haymans

2022 GRAADVOOGDE & REGISTERONDERWYSERS



FINANSIES (2022)

Hoërskool Randburg het vanjaar weer 'n ongekwalifiseerde ouditverslag vir 2021 gekry wat beteken dat die ouditeure gemaklik is met die skool se finansiële stand. Ons is ook baie trots op ons ouers wat die betaling van skoolgelde betref en wat getrou hulle finansiële verpligtinge nakom. Baie dankie aan elkeen van u. Ongelukkig is daar egter ouers wat hulle verpligtinge nie nagekom het nie en moes ons noodgedwonge ons beleid vir agterstallige skoolgelde volg. Baie dankie aan ons finansiële komitee wat baie tyd insit en hard werk om ons finansies op 'n gesonde wyse te bestuur.

AKADEMIE 2022

GRAAD 12: NA HERMERKE

130 kandidate skryf en slaag die finale Nasionale Senior Sertifikaateksamen van 2022 soos deur die GDO afeneem. 298 vakonderskeidings word behaal, dit is 2.2% per leerder. 90.7% kwalifiseer vir universiteitstudies en 9.3% vir verder diplomastudies.

TIEN ONDERSKEIDINGS

Christelle Jones
Afrikaans Huitstaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Inligtingstegnologie
Lewenswetenskappe
Musiek
Fisiese Wetenskappe
AdMaths
Advanced Programme Maths (IEG)

NEGE ONDERSKEIDINGS

Inge Ross
Afrikaans Huitstaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
Admaths
AdMaths Advanced Programme Maths (IEG)

Elca van den Heever
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Rekenaar Toepassings Tegnologie
Ingenieursgrafika en Ontwerp
Fisiese Wetenskappe
Toerisme

AGT ONDERSKEIDINGS

Mignon Bothma
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Rekenaartoepassings tegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Stephan Mans
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie
Musiek
Toerisme

Jolandi de Beer
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Rekenaartoepassings tegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Elgar Schoeman
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Rekenaartoepassings tegnologie
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe

SEWE ONDERSKEIDINGS

Dietloff Bredenkamp
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Ingenieursgrafika en Ontwerp
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe

Anja Pampel
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Beate Lagendyk
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe

Lana van Rooyen
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Lewenswetenskappe
Musiek
Fisiese Wetenskappe

Gizanne Lamprecht
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekenaartoepassings tegnologie
Dramatiese Kunste
Gasvryheidstudies

Stephanie Vorster
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekenaartoepassings tegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

SES ONDERSKEIDINGS

Elijah Flockhart
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde Geletterdheid
Lewensoriëntering
Rekenaartoepassings tegnologie
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie

Caitlyn Rothmann
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Dramatiese Kunste
Toerisme

Dané Kotze
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Arno Janse van Rensburg
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe

Zonica Lindeque
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Rekenaartoepassings tegnologie

Danielle van Aswegen
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde Geletterdheid
Lewensoriëntering
Gasvryheidstudies
Toerisme
Visuele Kunste

VYF ONDERSKEIDINGS

Marlé Bosman
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Rekenaartoepassings tegnologie
Dramatiese Kunste

Lara Mari Fouché
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
Lewenswetenskappe

Jennifer Botha
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Rekenaartoepassings tegnologie
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie

Bianka Pienaar
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Lewensoriëntering
Rekenaartoepassings tegnologie
Lewenswetenskappe

VIER ONDERSKEIDINGS

Coetser, Charné	Fourie, Alyssa	Van Blerk, Kayla
Da Silva, Chantel	Goosen, Tiana	Van Der Westhuizen, Chloé
De Lange, Corné	Nel, Liezel	Van Schalkwyk, Vanessa

DRIE ONDERSKEIDINGS

Beaven, Garren	Du Toit, Josh	Opperman, René
Boake, Keelin	Haring, Jean	Van Kerken, Paula
Coetzee, Ruben	Höll, Jessica	Venter, Kirsten
Cronje, Jacques	Le Grange, Phillip	Wagenaar, Marcel
Drake, Zinade	Le Roux, Jean-Pierre	

AKADEMIESE REKORD VAN 1996

Jaar	Kandidate	Druipelinge	Vrystelling	% Vrystelling	Aantal A-simbole	A-simbole per leerder	Individuele prestasies					
							10A's	9A's	8A's	7A's	6A's	5A's
1996	185	0	124	67.03	122	0.66					3	3
1997	179	1	93	51.96	123	0.69				1	3	5
1998	186	0	120	64.52	110	0.59					2	7
1999	212	0	121	57.08	135	0.64				3	2	2
2000	196	0	136	69.39	156	0.80				3	3	3
2001	231	0	179	77.49	274	1.19				1	3	8
2002	199	0	143	71.86	319	1.60			1	4	8	13

Jaar	Kandidate	Druipelinge	Vrystelling	% Vrystelling	Aantal A-simbole	A-simbole per leerder	Individuele prestasies					
							10A's	9A's	8A's	7A's	6A's	5A's
2003	197	0	117	59.39	282	1.43			1	5	8	4
2004	173	0	113	65.32	251	1.45			3	2	8	7
2005	171	0	112	65.50	286	1.67		1	2	7	8	6
2006	163	0	113	69.33	215	1.32				6	7	5
2007	175	2	120	68.57	170	0.97		1	0	4	5	3
2008	174	1	147	84.48	269	1.55		3	4	3	7	3
2009	154	0	124	80.52	262	1.70		0	2	5	5	8
2010	124	0	89	71.77	218	1.76		1	2	2	8	8
2011	107	0	77	71.96	146	1.36	1	2	1	1	3	2
2012	143	0	97	67.83	177	1.24	0	1	4	4	2	4
2013	141	2	110	78.01	244	1.73	0	4	2	3	3	5
2014	128	0	95	74.22	190	1.48	0	0	2	5	5	2
2015	127	0	98	77.17	185	1.46	0	3	2	3	2	2
2016	150	0	107	71.33	250	1.67	0	0	3	5	6	5
2017	119	1	77	64.71	205	1.72	0	0	1	3	7	7
2018	144	0	134	93.06	283	1.97	0	0	1	4	7	6
2019	98	1	92	93.88	138	1.41	1	1	2	2	2	1
2020	146	0	130	89.04	263	1.80	0	1	3	10	9	3
2021	138	0	122	88.41	237	1.72	0	2	4	4	3	4
2022	130	0	117	90.00	298	2.29	1	2	3	6	5	6
TOTAAL:	**4290**	**8**	**3107**	**70.85**	**5808**	**1.35**	**3**	**21**	**36**	**95**	**134**	**132**

SIMBOOLVERSPREIDING



UITSLAE VAN ANDER GRADE VIR 2022

Graad	Aantal	Druipelinge	Toppresteerders
8	186	1	Ané le Roux
9	173	2	Rico Vosloo
10	184	1	Marissa van den Berg
11	162	2	Shani Jansen van Rensburg
12	130	0	Christelle Jones

SPORT

RUGBY

NWU reeks

- Rugby eindig algeheel eerste
- 0/14 Wenners
- 0/15 Naaswenners
- 0/16 Naaswenners
- Tweedespan eindig 5e
- Eerstespan eindig 3de
- Goue Leeus groep 2 Liga
- Al vier spanne speel in die Goue Leeus Finaal
- 0/14 Wenners
- 0/15 Wenners

- 0/14 wen Noordvaal troffee
- Klop HS Dinamika in die finaal 36 - 29

- HS Randburg bied ook eerste sewes toernooi aan waar 26 spanne deelgeneem het.

NETBAL

2022 – Prestasies

- Drie spanne direk deur na Gauteng. Een span by uitspele. o/17 span algeheel tweede.
- Twee dogters word opgeneem in die Gauteng span (o/14 en o/16).
- Hoërskool Randburg wen toekenning vir die beste Hoërskool in die distrik.
- Gizelle Labuschagne verwerf haar SASN C+ gradering.

SKAAK

Topprestasies 2022

- Drie leerders het deurgedring en deelgeneem aan die distrikspan vir die Skaakkampioenskappe.
- Klarissa Pretorius en Johann Bührmann is verkies tot die Johannesburg Metro skaakspan wat van 3-9 Desember in die Wes-Kaap gaan deelneem.
- Klarissa Pretorius is in die o/16B span.
- Johann Bührmann is in die o/18A span.

TENNIS

Top prestasies

- 0/16-Seuns eindig tweede in die provinsiale rondte van BNP Paribas.
- Top agt seuns (A en B vir Bethlehem) eindig beide 3de by die jaarlikse toernooi.
- A span seuns word genooi na die Hilton/St Anne's Dubbelstoernooi en eindig derde in die seunsafdeling.
- Top vier o/19 seuns eindig derde by die Sentraal Gauteng Hoërskole se interhoër.
- Sanmarie de Kock word aangewys as die koördineerder vir Sentraal Gauteng Hoërskole seuns tennis.

SWEM

Top-Prestasies

- Ons swemspan het by die E-liga interhuis 'n tweede plek verwerf.
- Elani van Rooyen en Erik Breedt het 'n derde plek verwerf by Prestige.

FIETSRY

Top-Prestasies Gustav kom eerste in sy ouderdomsgroep by die skole fietsryreeks. Jayden en Erik kom beide 10de in hierdie skolereeks in hulle onderskeie ouderdomsgroep.

RUITERSPORT

Top prestasies

- In 2022 het ons ses ruiters gehad wat aan SANESA se kwalifiserende byeenkomste deelgeneem het.
- Mia van Rooyen, Ashley Novello, Heike Steyn en Mareli Wassermann het dit deurgemaak na die distrik byeenkoms wat in Augustus gehou was, waar al vier hierdie ruiters verder gekies is om in Oktober as deel van die Gauteng-Wes span aan die nasionale kompetisie te gaan deelneem.
- By die nasionale kompetisie het al vier ons ruiters in ten minste een van hulle items ‘n posisie in die top tien behaal. Ons is baie trots op hierdie leerders!

HOKKIE

Prestasies 2022:

- O/14-dogters wen D12 liga en is Noordvaal deelnemers
- O/15-dogters kom tweede in D12 liga en is Noordvaal deelnemers en kom 2de in NWUreeks
- O/16-dogters kom derde in D12 liga
- 1ste span dogters kom tweede in D12 liga en is Noordvaal deelnemers
- 1ste span seuns kom tweede in D12 liga en kom tweede in NWU reeks

KRIEKET

Prestasies:

- Vier seuns in JHB North streekspan (Joof Enslin, Richardt Barnard, Simon Prestorius, Josh Taylor
- Josh Taylor behaal provinsiale klere Central Gauteng Lions o/17
- Drie seuns maak dream team op toer Andre Naude en Francois Groenewald, Joof Enslin
- 1ste span maak 254 in 20 beurte Josh Taylor maak 142 van 56 balle
- O/14s eindig derde op die Penryn toer
- O/14s wen st Benedicts met sewe paaltjies nadat hulle 309 moes kry

SKIET

Provinsiale (SA’s) uitslae (top prestasies):

- Finale 2022 SANSSU geweerresultate was soos volg:
  O/14-sporter (83 skuts) 11de Kyle Fölscher
  O/16-sporter (126 Skuts) 6de Jayden Naude, 11de Emma van der Want, 25de Akira Jacobs 42ste Bianca Janse Van Rensburg
  O/21-sporter (93 skuts) 29ste Chantel Da Silva, 70ste Hendri Rootman

- Die SANSSU SA's is die jaar van 2 tot 6 Oktober by die Walter Sisulu saal in Randburg gehou. Daar het 'n totaal van 432 skuts van regoor die land aan die kompetisie deelgeneem.
- Akira Jacobs het 'n vol kaart geskiet, wat beteken sy het op een kaart 20 skote perfek in die middel geskiet. Daarvoor het SANSSU die kaart geraam en as geskenk vir Akira gegee, want dit is 'n besondere prestasie. Daar was slegs drie skuts wat vol kaarte geskiet het.
- Kyle Fölscher was deel van Gauteng se O/14-span wat 'n silwer medalje in die wenprovinsiekategorie verower het.
- Jayden Naude was deel van die Gauteng O/16-span wat die top O/16-span in die SA's was en hy het daarvoor 'n goue medalje ontvang. Daarmee saam verdien Jayden ook 'n silwer medalje in die top provinsiekategorie vir sporterspanne saam met sy spanmaats.
- Chantel Da Silva verdien 'n silwer medalje saam met haar span vir 'n tweede plek in die top provinsiekategorie. Chantel word ook brons SANSSU-kleure toegeken.

LANDLOOP

- Ses leerders neem aan die Gauteng kampioenskappe deel
- Drie leerders behaal Provinsiale kleure

ATLETIEK

- Neem deel aan Super Interhoërafdeling 2
- Eindig tweede by top 10 byeenkoms in Naboomspruit
- Eindig 8ste by top 30 byeenkoms in Potchefstroom
- Verskeie atlete behaal provinsiale kleure
- Kayla le Grange en Zonica Lindeque behaal nasionale kleure en verteenwoordig SA in Cali by Wêreld Juniorkampioenskappe
- Zonica behaal 8 ste plek en Kayla haar PB

BUITESKOOLSPORT

Kragoptel

- Mijuane de Wet behaal nasionale kleure in kragoptel.
  Sy behaal drie goue medaljes en een brons medalje by Wêreldkampioenskappe in Turkye.
  Sy is die Wêreldkampioen in die onder 63 kg.

Knortjor

- Rudi Schüssler Verteenwoordig SA by die Knortjor Wêreldkampioenskappe in Valencia Spanje waar hy 'n 17e plek behaal.

KULTUUR

SKOOLKOOR:

Die koor bestaan uit 81 lede, onder leiding van Sabelo Mthembu. Post-COVID-19 was dit wonderlik om weer aan koorfeeste te kon deelneem. Ons Soiree in Maart was die eerste optrede en toe moes ons met maskers sing. Die koor tree daarna met welslae by Fontainebleau Gemeenskapskerk se buitelugerediens, asook tydens Weltevreden NG Kerk se erediens op. Die koor kry ook die geleentheid om saam met *Quava Vocal Group* en die Duitse skool se koor in ons skoolsaal op te tree. Hulle het ook aan Monument, Weltevreden en *The King's School* se koorfeeste deelgeneem. Hulle neem met welslae tydens die Dankie Randjiefees deel. Ons hou 'n afskeidskonsert vir Sabelo, en wens hom alle voorspoed vir die toekoms toe. Oudisies vir die 2023-koor is gedoen en van 5 tot 7 Desember vertrek die koor na Hartbeesfontein Voortrekkerplaas vir 'n koorkamp onder leiding van Juf. Laura Boeke (afrigter) en Juf. Madeleine Raubenheimer (organiseerder). Ons is opgewonde om te sien wat 2023 vir die koor inhou.

JEUGKOOR:

Amanda Mabaso (Gr. 10) is verkies as sopraan van die *Gauteng Schools Youth Choir*.
Aliza de Beer (Gr. 9) is opgeneem in die Universiteit van Pretoria se Jeugkoor.

ANDER KOMPETISIES (MUSIEK; DRAMA; DANS; MODELWERK) EN OPTREDES:

TALENT AFRICA NASIONALE RONDE:

Lia Pretorius (Gr. 8): verwerf drie goue medaljes in die Dans afdeling.
Arnel Swart (Gr. 9): verwerf twee goue medaljes in die Dans afdeling.
Kamo Lefawane (Gr. 10): verwerf drie goue medaljes in die Model afdeling, een goud en een silwer in die Dans afdeling en een platinum en twee goue medaljes in die Vokaal afdeling.
Lia en Arnel kwalifiseer om aan die *Eurodance Serbia*-kompetisie deel te neem wat van 15 tot 20 Maart 2023 in Serwië plaasvind.
Al drie die dogters kwalifiseer om deel te neem aan die *International Performing Arts Championship* wat van 9 tot 18 Julie 2023 in New York/New Jersey plaasvind.
Hulle al drie verwerf tydens die kompetisie hulle F.P.A.S.A Gautengkleure.

WORLD MONOLOGUE GAMES:

Jan-Rudolf Brits (Gr. 10): het gekwalifiseer om Afrika in die *Youth*-afdeling van dié wêreldwye aanlynkompetisie te verteenwoordig.
20 Deelnemers per ouderdomsgroep (van 51 lande) se 2-minute-lange monoloog is deur beoordelaars en kykers se stemme op 'n wêreldranglys geplaas. Jan-Rudolf is een van die deelnemers wat deurdring na die finale ronde.

INTERNATIONAL ARTS TALENT SHOWCASE

Kyoli Lefawane (Gr. 10): het vanaf 17 tot 21 Julie aan die *IMTA Model & Talent Search* in New York deelgeneem. Tydens die week het sy nie net New York City verken nie, maar het ook die voorreg gehad om AMDA College of the Performing Arts te besoek. Kyoli het deelgeneem in die volgende afdelings: Moddeling: Swimwear en Jeans; Songwriting; Singing: Medalje vir *Excellence* en *Voice overs*: Medalje vir *Excellence*. Sy het ook twee *callbacks* en aanbiedinge gekry om saam met *Watersound Entertainment* (*Recording Studio* in New York) & *NI Music Group* (*Recording Studio* in Los Angeles) te werk.

ACE MODELS INTERNATIONAL: NATIONAL CONVENTION

Micah Bezuidenhout (Gr. 8): het aan *Ace Models International* se Nasionale Konferensie deelgeneem. Meer as 250 modelle het in verskeie kategorieë en ouderdomsgroepe deelgeneem. Micah is as "Model van die Jaar" aangewys in die ouderdomsgroep 11 tot 15, waar meer as 70 modelle meegeding het!

MISS TEEN UNIVERSE SOUTH AFRICA

Lara Minnaar (Gr. 10) is as die Gauteng verteenwoordiger in hierdie kompetisie aangewys.

VICTORIA K BENNETT MUSIEKKOMPETISIE

Lana van Rooyen (Gr. 12) het deurgedring na die tweede ronde van die gesogte Victoria K Bennet Musiekkompetisie (voorheen bekend as die Phillip Moore kompetisie). Sedert die ontstaan in 2005, het dit gegroei tot 'n kompetisie met internasionale standaarde, wat op ernstige musikante van alle ouderdomme gerig is.

SACOPA NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

Vier van ons leerders het in Rustenburg aan die South African Championships of the Performing Arts deelgeneem.

Ethan Bester (Gr. 9) behaal: twee eerste plekke: Acting (Dramatic); Acting (Contemporary); twee Tweede plekke: Acting (Afr: Dramaties); Acting (Afr: Komedies); een derde plek: Acting for Television.

Christian Naudé (Gr. 10) behaal: twee tweede plekke: Vocal (Pop); Instrumental (Open); drie derde plekke: Vocal (Country & Western); Vocal self-accompaniment (Jazz/Soul); Instrumental (Classical)

Kamo Lefawane (Gr. 10) behaal: 'n tweede plek: Vocal (Original work); 'n derde plek: Modelling (Pageant)

Henro Steyn (Gr. 11) behaal: een eerste plek, drie derde plekke en word as die algehele wenner: Instrumentaal aangewys.

Henro en Ethan verwerf Gauteng Kleure vir Performing Arts en word opgeneem in Team 2023 wat in Julie 2023 in Los Angeles in die VSA gaan deelneem.

NASIONALE TONEELSPELKOMPETISIE:

Die kompetisie word jaarliks deur Hoërskool Bellville aangebied en bied sedert 2002 aan leerders vanaf gr. 8 tot 12 die geleentheid om as individue hul toneelspeltalent uit te leef. KykNET is die hoofborg en finaliste kry die geleentheid om radio- en TV-werk saam met spesialiste in die bedryf te doen. Daar is geldpryse op die spel asook geleenthede om in plaaslike produksies op te tree. Deelnemers moet 'n monoloog, prosa, poësie, lied en improvisasie voorberei, wat in 'n reeks uitdunrondtes bepaal wie die wenner is.

Jan-Rudolf Britz (Gr. 10): finalis in nasionale finaal wat tydens 'n spoggeleentheid by die Artscape Teater in Kaapstad aangebied word. Hy dring ongelukkig nie deur na verdere rondes nie, maar kry wel die geleentheid om aan leersame werkswinkels deel te neem.

KKNK DRAMAWEB

Ethan Bester (Gr. 9) het in die gr 8 tot 10 ouderdomsgroep deelgeneem. Hy behaal drie Cum Laude (Bo 90%), twee Goud + en een silwer toekennings. Hy word as een

van die top 10 finaliste in beide die Afrikaans en Engelse kategorieë aangewys. In die Engelse kategorie word hy aangewys as nommer drie op die top tien.

BEGIN SING KOMPETISIE
Tamsyn Faulds (Gr. 9) het op Saterdag, 2 April aan die Begin Sing (Reeks 4) sangkompetisie deelgeneem. Sy het na die finaal deurgedring, wat opgeneem is en word op kanaal 147 uitgesaai sal word. Sy is nie een van die drie wenners nie, maar is wel deur die vervaardiger en eienaar van ABS Produksies gekies om 'n oudisie vir 'n sangtoneel in Speel Toneel se kortfilms af te lê.

HOMEGROWN TALENT SHOWCASE
Tamsyn Faulds (Gr. 9) het aan die *Homegrown Talent Showcase* deelgeneem wat deur die *Valeska Muller Vocal Academy* aangebied word. Tamsyn het onder die top vyf geëindig.

EISTEDDFOD:

CON SPIRITO:
Leerders het eers aan die provinsiale ronde deelgeneem. Indien hulle gekwalifiseer het, het hulle aan die nasionale (Forte Ronde) deelgeneem. Hieronder is die prestasies by die Forte Ronde.
Jan-Rudolf Britz (Gr. 10): provinsiale itemwenner (x7), nasionale itemwenner (X4), ambassadeurstoekenning (Provinsiaal), uitnodiging om by gala-aand op te tree en as "MC" op te tree.
Franciska-Louise Raubenheimer (Gr. 11): nasionale itemwenner (x6) – Sy behaal 98%, 3 x 97% en 96% vir haar solo-items en sy en Colleen verwerf 98% vir hulle duet wat ook as nasionale itemwenner aangewys is.
Ciska ontvang ook twee trofeë op nasionale vlak: Beste sang met Begeleiding en Beste Sang: Baroque/ Klassiek.
Anouk du Plessis (Gr. 11): A++ Afrikaans Voorbereide Toespraak: Eie keuse.
Colleen du Plessis (Gr. 12): nasionale itemwenner in al haar solo-items en die duet saam met Ciska.

NEA:
Christiaan de Waal (Gr. 8) twee diplomas (Instrumentaal), kategoriewenner (1), Ambassadeurstoekenning
Nicole de Klerk (Gr. 9): drie diplomas (Drama), Kategoriewenner (1)
Ethan Bester (Gr. 9): vyf diplomas, een goud (Drama), Itemwenner (1), Kategoriewenner (1)
Nicola van Tonder (Gr. 9): vyf diplomas (Drama), Kategoriewenner (2), Ambassadeurstoekenning, No. 15 op die top 20.
Johan van der Merwe (Gr. 10): twee diplomas (Dans)
Elisna Fourie (Gr. 11): ses diplomas, ses goud (Drama en Redenaars), Itemwenner (2)
Tayla Smith (Gr. 11): drie diplomas (Drama), Kategoriewenner (2)
Anouk du Plessis (Gr. 11): drie diplomas (Drama), Kategoriewenner (2)
Jana Lotz (Gr. 11): drie diplomas, Kategoriewenner (1)
Franciska-Louise Raubenheimer (Gr. 11): vier diplomas, een goud (Vokaal en Drama), Kategoriewenner (2)
Stephan Mans (Gr. 12): een diploma, Itemwenner (1)
Inge Ross (Gr. 12): een diploma, Itemwenner (1)

RACA EISTEDDFOD

Arnel Swart (Gr. 9): het 12 *Diamond* (95 - 100%) toekennings in die dansafdeling ontvang. Sy word uitgenooi na die RACA Eisteddford Showcase & Gala-aand waar sy die trofee vir die beste hoërskool danser ontvang omdat sy tien kategorieë gewen het.

YOUTH ARTS ONLINE FESTIVAL:

Ethan Bester (Gr. 9): A= (1), diploma (4); kategoriewenner: Gr. 9 *Speech & Drama Prepared Reading*.

TEATRO ARTI EISTEDDFOD:

Ethan Bester (Gr. 9): A+++ (1); A++ (17) in die spraak-en-drama-, redenaars- en skryf-afdelings, Itemwenner (2), Kategoriewenner (4)
Elaine Wijnbeek (Gr. 10): A+++ (14) in die musiekafdeling.

SENTRAAL-GAUTENG EISTEDDFOD:
DRAMA:

Ruan Visser (Gr. 8): een diploma, vier A+, een B+
Erik Breedt (Gr. 8): een diploma, een A+, twee Goud, drie B+'e
Aliza de Beer (Gr. 8): een diploma, drie A+, een Goud, een silwer
Nicole de Klerk (Gr. 9): een diploma, drie A+'e
Ethan Bester (Gr. 9): vyf diploma's, vyf A+, een goud
Nicola van Tonder (Gr 9): twee diplomas, twee A+'e
Anika du Preez (Gr. 9): vier diplomas, drie A+'e
Luan Kotze (Gr. 9): vier diploma, een A+
Jawé Dreyer (Gr. 10): vyf diplomas
Jana Lotz (Gr. 11): twee diplomas, een A+, een goud, een silwer
Tayla Smith (Gr. 11): vier diplomas
Anouk du Plessis (Gr. 11): vyf diplomas
Franciska-Louise Raubenheimer (Gr. 11): drie diplomas
Stephan Mans (Gr. 12): een diploma
Inge Ross (Gr. 12): een diploma

MUSIEK:

Die volgende leerders is as wenners in een of meer kategorie aangewys:

Alexia van der Walt (Gr. 8)
Aliza de Beer (Gr. 8)
Christiaan de Waal (Gr. 8)
Christiaan Naude (Gr. 10)
Maricelle Marais (Gr. 10)
Kamogelo Lefawane (Gr. 10)
Elaine Wijnbeek (Gr. 10)
Henro Steyn (Gr. 11)
Jessica Hodgson (Gr. 11)
Franciska-Louise Raubenheimer (Gr. 11)
Tayla Smith (Gr. 11)
Anke de Frey (Gr. 11)
Sieg Hattingh (Gr. 11)
Lana van Rooyen (Gr. 12)
Colleen du Plessis (Gr. 12)

Die volgende drie leerders is as algehele wenners aangewys:
Veelsydigste deelnemer: **Elaine Wijnbeek** (Gr. 10)
Algehele wenner Vokaal Hoërskool: **Franciska-Louise Raubenheimer** (Gr. 11)
Algehele wenner Instrumentaal Hoërskool: **Jessica Hodgson** (Gr. 11)

ALLEGRETTO EISTEDDFOD:

Jan-Rudolf Britz (Gr.10): Gauteng: Itemwenner (5); Allegro trofee (slegs drie deelnemers landwyd ontvang die toekenning) vir uitsonderlike prestasie in drama; Allegretto Ambassadeur vir 2023; gaskunstenaar by die Streeksgala-konsert; lewer *Keynote Address; Master of Ceremonies*; Karla du Plessis trofee vir die beste monoloog. Nasionaal: vier van sy items word op die top 10 landwyd in hul verskeie genres aangewys/uitgesonder; nasionale galaprysuitdelings waar hy as seremoniemeester en gaskunstenaar met sy dramatiese monoloog optree.

NEA YOUNG PERFORMERS AWARDS

Jaarliks word die top presteerders van die NEA Eisteddfod genooi om aan die *Young Performer Awards* kompetisie deel te neem.

Anouk du Plessis, Franciska-Louise Raubenheimer en Tayla Smith (Almal in gr. 11): dring deur tot die finale ronde van die *NEA Young Performers Awards* in die kategorie: *Speech and Drama Small Groups* – Afrikaanse Samespraak (Gr. 10 – 12).

ROODEPOORT DANCE FESTIVAL

Ingrid Bekker (Gr. 9): A+ medaljewenner

Cara de Wet (Gr. 9): A+ medaljewenner (8); dring deur na die *modern* finaal; wenner Tap ouderdomsgroep onder 15 & 16; Overall Tap – tweede plek

Jana Lotz (Gr. 11): (A+) medaljewenner

GAUTENG EISTEDDFOD

Landi Swart (Gr. 11): A++'e (3) in musiekafdeling

PRODUKSIES:

ATKV TIENERTONEEL:

Meer as tagtig leerders het vanjaar in ons vyf tienertoneelstukke gespeel. By Hoërskool Randburg is die doel van tienertoneel om tieners deur middel van deelname op te voed om ware toneelliefhebbers te word. 'n Omvattende benadering word gevolg: Leerders wat drama as vak het, word aangemoedig om in 'n toneelstuk te speel en sodoende eerstehands te ervaar wat 'n toneelervaring op die verhoog beteken. Sterk leerder-regisseurs kry die geleentheid om hulle vaardighede te ontwikkel. Kulltuurleerders wat nie drama as vak het nie, word egter nie afgeskeep nie en vir juniors en seniors is daar iewers plekkie in die kalklig.

Ons is veral opgewonde oor ons jonger onderwyseresse wat so entoesiasties by tienertoneel betrokke is. Ons betrek ook graag oud-leerders as regisseurs by van die produksies.

Drakelina en die Towerklip, waar ons juniors 'n speelgeleentheid gekry het, se regie is deur Mev. Zoë Calder behartig.

Straatligstories is deur 'n oud-leerder, Dyllan Botha, geskryf. Hy het ook die regie behartig terwyl Mev. Celia de Beer hom ondersteun het.

Me. Jeanelie Piso en Me. Marlé Aucamp was verantwoordelik vir die toneelstuk *Dag en Nag*.

Die toneelstuk, *Agtergeblewenes,* is deur drie leerders geskryf: Beate Lagendyk, Lana van Rooyen en Stephan Mans. Stephan het ook die regie waargeneem. Me. Christa Smal, wat ook die organiseerder van die tienertoneel-projek was, het hom ondersteun. Mev. Marintha Labuschagne was verantwoordelik vir die regie van die toneelstuk, *Pers*. Mev. Santi van den Berg, die kultuurhoof, het al die stukke met raad ondersteun.

Die volgende toekennings is tydens die verskillende kompetisies toegeken:

Drakelina en die Towerklip (FAK Allegretto)
Ethan Bester (Gr. 9) – brons vir toneelspel
Johan van der Merwe (Gr. 10) – brons vir toneelspel
Mev. Marintha Labuschagne – brons vir beligtingsoperateur

Dag en Nag (Pronk Podium)
Ensemblewerk: brons vir kostuums
Megan Lotriet (Gr. 11) – brons vir toneelspel

Pers (Pronk Podium en ATKV)
Ensemblewerk: silwer (Pronk Podium); brons (ATKV)
Mev. Marintha Labuschagne – brons vir regie (Pronk Podium) & (ATKV), brons vir klankbaanontwerp (ATKV)
Willie Lindeque (Gr. 10): brons vir toneelspel (Pronk Podium) & (ATKV)
Suné Swanepoel (Gr. 11): brons vir toneelspel (Pronk Podium) & (ATKV)
Kaylie van Niekerk (Gr. 10): brons vir verhoogbestuurder & verhooghulp (Pronk Podium)
Yasmin Malan (Gr. 11): brons vir verhooghulp; silwer vir stel en rekwisiete (beide Pronk Podium)
Jana du Plessis (Gr. 11): silwer vir oudio-visueel (Pronk Podium)
Luska van Heerden (Gr. 10): brons vir klankoperateur (Pronk Podium)
Mark van Zyl (Gr. 12): brons vir klankbaanontwerp en silwer vir beligtingsoperateur (Beide ATKV)
Mev. Santi van den Berg: silwer vir stel & rekwisiete (Pronk Podium)
Mev. El-Marie van Rooyen: brons vir kostuums (Pronk Podium)

Straatligstories (Pronk Podium)
Ensemblewerk: brons
Lara Visser (Gr. 10) – brons vir toneelspel
Lukas van den Heever (Gr. 11) – brons vir toneelspel
Amanda Mabaso (Gr. 10) – brons vir toneelspel
Izelde Loots (Gr. 10) – silwer vir verhoogbestuurder
Christian Naude (Gr. 10) – brons vir verhooghulp
Aliza de Beer (Gr. 8) – brons vir verhooghulp
Christopher van der Westhuizen (Gr. 11) – brons vir verhooghulp
Emile TerBlanche (Gr. 11) – brons vir verhooghulp
Anouk du Plessis (Gr. 11) – brons vir verhooghulp
Marissa van den Berg (Gr. 10) – silwer vir dans, silwer vir choreografie en brons vir verhooghulp
Mev. Cecilia de Beer – brons vir klankoperateur, brons vir kostuums

Dylan Botha (oud-leerder 2020 – regisseur en skrywer) – brons vir kostuums, brons vir stelontwerp
Mark van Zyl (Gr. 12) – silwer vir beligtingsoperateur

Agtergeblewenes (Pronk Podium en ATKV)
Ensemblewerk: brons (ATKV)
Stephan Mans (Gr. 12): brons vir regie (Pronk Podium); brons vir dramaturg (ATKV); brons vir stelontwerp (ATKV); brons vir beligtingsontwerp & brons vir kostuums (Pronk Podium)
Beate Lagendyk (Gr. 12): brons vir dramaturg (ATKV)
Lana van Rooyen (Gr. 12): brons vir dramaturg (ATKV)
Jan-Rudolf Britz (Gr. 10): brons vir toneelspel (Pronk Podium)
Ciska Raubenheimer (Gr. 11): silwer vir toneelspel (ATKV); brons vir toneelspel (Pronk Podium)
Bianca du Plessis (Gr. 11): brons vir verhoogbestuur (Beide Pronk Podium & ATKV)
Luska van Heerden (Gr. 10): brons vir klankoperateur (ATKV)
Nina Wagenaar (Gr. 11): brons vir grimering (Pronk Podium)
Mia van Biljon (Gr. 11): brons vir grimering (Pronk Podium)
Mark van Zyl (Gr. 12): silwer vir beligtingsoperateur (Pronk Podium); brons vir beligtingsoperateur en brons vir klankbaanontwerp (Beide ATKV)

KRIEWELFEES:

Hoërskool Randburg het vanjaar 'n baie suksesvolle Kriewelfees aangebied wat bestaan het uit:

KRIEWELFEES: KUNS

Kunsuitstalling

By Hoërskool Randburg is die Visuele Kunste net so belangrik soos die Uitvoerende Kunste. Leerders met Kuns as vak se werke is by die Matriekspogaand en Soiree uitgestal. Verder is alle leerders in die skool genooi om kunswerke voor te lê. Bykans 100 kunswerke is ontvang wat, saam met die fotografieklub se beste werk, by 'n omvangryke kunsuitstalling tydens die Steraand uitgestal is.

Kunswerkswinkels

Vanjaar het ons Kuns- en Ontwerpdepartement 'n reeks gratis werkswinkels aangebied sodat ons leerders nuwe vaardighede kan ontwikkel. In die werkswinkels wat na skool aangebied is, kon Randjies leer om hul eie juweliersware te maak, hul eie handelsmerke te druk, die kuns van kalligrafie aan te leer en hul eie tekenstyl te ontwikkel.
Die werkswinkels, aangebied deur Juf. Gesie Marshall en Mnr Jan Labuschagne, was veelsydig en bou aan Randjies se tegniese vaardighede, sodat hulle selfs hulle eie klein besighede kan begin.
Die Kunstedepartement beoog om verdere maandelikse werkswinkels aan te bied vir leerders wat die werkswinkels misgeloop het en vir leerders wat wil voortbou op dit wat hulle reeds geleer het.

KRIEWELFEES: MATRIEKSPOGAAND

Vanjaar het die Kunstevakke by die skool weereens geskiedenis gemaak! Die Matriekspogaand tydens die Kriewelfees is nou al 'n instelling, maar vanjaar was ons Musiek- en Dansleerders ook deel van hierdie besondere geleentheid. Die Kuns- en Ontwerpleerders se werk is ook uitgestal. Elke uitvoerende kunsteleerder moet vir sy/ haar eindeksamen 'n praktiese program opvoer. Hierdie program tel 50% van hulle

eindeksamenpunt. Die Matriekspogaand is ingestel om hierdie leerders die geleentheid te gee om nie net altyd voor eksaminators op te tree nie, maar om te voel waaroor die Uitvoerende Kunste werklik gaan: die applous! Vanjaar se geleentheid was van hoogstaande gehalte met 'n verskeidenheid items wat die gehoor deur die hele spektrum van emosies gevoer het.

KRIEWELFEES: TIENERTONEELAAND
Al vyf toneelstukke is op ons eie verhoog opgevoer.

KRIEWELFEES: STERAAND
Op Vrydagaand, 12 Augustus kon Hoërskool Randburg se leerders vir die eerste keer sedert 2019, weer hulle versteekte talente uithaal en wys. Steraand 2022 se tema was *Movie Night* en die leerders het verskeie dans-, drama-, en sang-items op liedjies uit verskillende flieks opgevoer. Daar was selfs vertonings deur twee van Randburg se eie *bands*: *Half Per Cent* en *Footsteps on the Moon*. Die gehoor het hulself omtrent geniet en entoesiasties deelgeneem aan *Name that Movie* en *Finish the Lyrics* speletjies tussen die items - gelei deur ons oulike seremoniemeesters, **Francois de Wit** en **Lara Fouché** (beide in gr. 12). Na 'n opwindende aand, moes die drie beoordelaars (almal gesoute kunstekenners) 'n paar moeilike besluite neem. Drie kategoriewenners vir dans, drama, en sang, sowel as 'n algehele wenner vir die aand, moes gekies word.
Cara de Wet (gr. 9) was die wenner van die dansafdeling, met haar emosinele moderne dans op Sam Smith se *I Know I'm Not the Only One*. **Ethan Bester** (Gr. 9) het die gehoor baie goed oortuig van sy waansin met sy voordrag van 'n deel uit die stuk *Dark Place* deur Joseph Arnone, en weggestap met die trofee vir beste dramastuk. **Elaine Wijnbeek** (Gr. 10) het *Skyfall* uit die bekende James Bond film gesing en haarself sommer ook begelei met haar elektriese viool, wat haar die wenner van die sangafdeling gemaak het. Ons algehele wenner van die aand, **Daniella Barnard** (Gr. 10), het almal verras met haar weergawe van Kodaline se *All I Want*. Haar stem het die gehoor in vervoering gehad. Steraand 2022 het net weer bewys dat elke Randjie 'n ster is en dat hierdie sterre helder skitter wanneer hulle talente in die kollig gesit word.

KRIEWELFEES: SOIREE
Die graad gr 8 tot 11 kuns-, drama-, musiek- en dansleerders het op Saterdag, 13 Augustus hulle talente by die Soiree met ons gedeel. Dié suksesvolle middag kan die beste opgesom word in 'n brief van een van die ouers: "Ek wil graag my woord van gelukwensing aan Hoërskool Randburg bring: wat 'n genot en voorreg om die Soiree te kon bywoon en die ongelooflike talent onder die leerders te sien. Almal was so goed voorbereid en van die aanbiedings het my hoendervleis gegee. Dit gee my werklik moed vir die toekoms van die kunste en ek sien hoopvol uit na 'n blink toekoms waar hierdie kinders die volgende generasie kunstenaars en uitvoerende artieste is!" Hierdie middagopvoering was 'n gepaste wyse om die Kriewelfees van 2022 mee af te sluit.

ANDER PRODUKSIES (BUITE SKOOL):
Marissa van den Berg (Gr. 10): *Savour* (Roodepoort Teater), Hoofrol in ABS Kortfilm *Die Wildtuin*, Ekstra in Netflix film, *Rosa*
Christian Naudé (Gr. 10): Ekstra in Netflix film, *Rosa*
Jan-Rudolf Britz (Gr. 10): Ekstra in Netflix film, *Rosa*
Van ons graad 10- en 11-dramaleerders kry ook die geleentheid om as ekstras in die nuwe TV-dramanovella, *Diepe Waters*, op te tree.

REDENAARS:

NASIONALE INTERSKOLE REDENAARSLIGA:

Net wenners uit al die provinsies dring deur na die nasionale ronde van dié gesogte kompetisie.

Ethan Bester (Gr. 9) en **Jan-Rudolf Britz** (Gr. 10) is onder die top 10 in hulle onderskeie ouderdomsgroepe in die *Public Speaking* afdeling. Jan-Rudolf is ook onder die top 10 van die Voorbereide Toespraak-afdeling.

Ons graad 11-redenaarsspan, wat bestaan uit **Emma Aucamp**, **Anouk du Plessis**, **Megan Lotriet** en **Shané Mengel**, het ook na die landswye finaal deurgedring.

Na afloop van die nasionale kompetisie tree beide **Ethan** en **Jan-Rudolf** uit die stryd as die nasionale wenners in hulle onderskeie ouderdomsgroepe in die *Public Speaking* afdeling.

Hoërskool Randburg word aangewys as die TOP skool in die land in die *Prepared Public* Speaking-afdeling vir hoërskole.

ATKV DIGIPRAAT:

Met ATKV Digipraat kry deelnemers 'n platform waar hulle in Afrikaans kan wys hoe glad hulle met die mond is – of hulle nou wou inlig, motiveer, vermaak of redeneer! Volgens die ATKV se webwerf: "Talle inskrywings is vanjaar ontvang en die standard was baie hoog."

Mia Le Roux (Gr. 11) bahaal 'n sesde plek op die graad 10 tot 12 ATKV Afrikaans Huistaal Digipraat top 10 met haar oorredingstoespraak, "Taal kan die grense tussen mense oorsteek".

ATKV INDIVIDUELE REDENAARSKOMPETISIE:

Ons is baie trots op **Nina Kotze** (Gr. 9) en **Jan-Rudolf Britz** (Gr.10), wat onderskeidelik 'n derde en vierde plek in die Gauteng-Wes Semi-finale ronde verwerf het

Dit was strawwe kompetisie en dit is fenomenaal om onder die top 5-sprekers te eindig. **Nina** dring deur na die nasionale finale ronde in die onvoorbereide afdeling.

OPPIE TONG AF:

Jan-Rudolf Britz (Gr. 10) dring deur met drie van sy vier toesprake na die nasionale finaal van die Oppie Tong Af Openbare Optrede Kompetisie. Dit is 'n besondere prestasie – in die eerste rondte was daar ongeveer 1 300 sprekers in Gauteng alleen. Afrikaans Oorredende Toespraak (slegs sewe graad 10-sprekers dring deur na die nasionale finaal) – Nasionale Wenner; Afrikaans Motiveringstoespraak (slegs agt graad 10 tot 12-sprekers dring deur na die nasionale finaal) – vierde plek; *English Motivational Speech* (slegs elf graad 10 tot 12-sprekers dring deur na die nasionale finaal) – vyfde plek.

RADIKALE REDENAARS:

Die volgende leerders het na die streeksuitdunne, na die provinsiale finale ronde deurgedring:

Die graad 11-spanredenaars: **Anouk du Plessis**, **Megan Lotriet**, **Shané Mengel** en Emma Aucamp. **Ethan Bester** (Gr. 9): *English Public Speaking* (English FAL) en graad 9 Afrikaans Moedertaalredenaars. Hy dring ook deur in die volgende vier kategorieë: Lees: Prosa, Lees: Poësie, *Reading: Prose, Reading Poetry*.

Ethan dring deur na die landswye finaal as die top Gauteng graad 9 Afrikaans Moedertaal Spreker en graad 9 *English FAL Public Speaker*. Ethan word aangewys as

die wenner in die *English FAL Public Speaking* afdeling en die nommer drie in die Afrikaans Huistaal voorbereide toespraakafdeling.

SPEECH GUILD:

Gr. 8: A+, A
Gr. 9: A, B
Gr. 10: A
Gr. 11: B, B+
Gr. 12 Open Team: B+; Trophy Team: A
Individual Speaker: **Caitlyn Rothmann** (Gr. 12) – A

SOUTH AFRICAN LITERACY ASSOCIATION PUBLIC SPEAKING:
Jan-Rudolf Britz (Gr. 10) het deurgedring na die nasionale finaal, met 'n *English Persuasive Speech*, waar hy as die nasionale wenner in die graad 10 *English First additional Language*-afdeling aangewys is.

DANS KOMPETISIES EN *FESTIVALS*:

DANCE WORLD CUP:
Emily Custers (Gr. 9) het net voor die vakansie aan die *World Dance Cup Qualifier* saam met 'n groep in die *Hip Hop Large Group Street Dance*-afdeling deelgeneem. Hulle het 'n brons medalje (derde plek) verwerf.

CONTEMPORARY & BALLET AWARDS (CBA):
Dansers van regoor die land met ouderdomme van onder ses tot 31 het deelgeneem. Die dansers het eers in die verskillende genres teen dansers in hulle eie ouderdoms-groepe deelgeneem. Daarna is die dansers met die hoogste puntetellings per ouderdomsgroep en per genre deur na die solo-kampioenskappe in die kategorieë: *Ballet (Classical, Repertoire, Neo-Classical) Contemporary (Contemporary & Lyrical)* en *Open (Open, Jazz, Acro)*. Hier kon elke danser in elke kategorie waarvoor hy/sy gekwalifiseer het, een dans doen. Hulle het ook 'n klas bygewoon van bekende internasionale danser en choreograaf, Mario Gaglioni, waar hulle 'n dans moes leer (*commissioned work*) wat elke danser tydens die finaal van die kampioenskappe moes uitvoer. Hierna is die dansers se punte opgetel en die wenners per kategorie is aangewys. **Marissa van den Berg** (Gr. 10) het gekwalifiseer vir die *Ballet-*, *Contemporary*, en *Open-* afdelings se finaal en het ook die *commisioned work* gedoen. Sy word aangewys as: wenner van die *Open*-afdeling; naaswenner in die *Contemporary*-afdeling; vierde in die Ballet-afdeling; *commissioned work* – derde plek; improvisasie-afdeling (alle ouderdomme, mans en dames) – derde plek; trofeë: algehele naaswenner van die kampioenskappe (junior en senior, oor alle kategorieë en die *commissioned work*); tweede hoogste telling van alle items en beoordelaar Quintus Jansen, van *World of Dance*, wys haar as sy gunsteling danser aan.

INTERNATIONAL DANCE OPEN:
Marissa van den Berg (Gr. 10) het die ongelooflike geleentheid gehad om Suid-Afrika van 23 tot 25 September by die *International Dance Open* in Novalja, Kroasië verteenwoordig. 4693 inskrywings uit 29 lande het die eiland in Kroasië vir die paar dae beset. Marissa het uitsonderlik presteer: agt eerste plekke: *open solo*; e*thnic solo*; *ballet solo*; *lyrical solo*; *lyrical quartet* (gala); *lyrical group* (gala); *contemporary duo* (gala); *contemporary group*. Tweede plekke: *show dance solo*; *character solo*. Derde plek: *contemporary solo*. Vierde plek: *modern solo*. Vyfde plek: *jazz solo*. Uit die

4693 inskrywings is 30 items gekies om by die galavertoning op te tree. Vier van Marissa se items (*ethnic solo, contemporary duo, lyrical quartet* en *lyrical group*) is gekies om weer by die geleentheid op te tree. Marissa kwalifiseer om Suid-Afrika in April 2023 by die *World Cup Finals*, aangebied deur *International Dance Open* in Hollywood, óf in Mei 2023 in Zagreb, Kroasië, te verteenwoordig.

WORLD LYRICAL DANCE FOUNDATION (WLDF) - BACK TO STAGE:
Johan van der Merwe (Gr. 10): twee sesde plekke (onder 16 *level 1*)
Marissa van den Berg (Gr. 10): ses eerste plekke, een tweede plek en een derde plek (onder 16 *level 2*)
Albei van hulle kwalifiseer vir die *WLDF World Finals* wat vanaf 25 Julie tot 6 Augustus in Dublin, Ierland aangebied word. Hier behaal Johan 'n vierde plek in die finaal van die onder 16 *level 1 Lyrical* afdeling.

IERSE DANS WÊRELDKAMPIOENSKAPPE:
Jana van den Berg (Gr. 11) het in Belfast, Ierland gaan deelneem aan die *Oireachtas Rince Na Cruinne* (Ierse Danse Wêreld kampioenskappe). Haar groep word as wêreldkampioene aangewys. Dit is 'n baie groot prestasie en 'n eerste vir Suid-Afrika!
IRISH DANCING SOUTH AFRICAN CHAMPIONSHIPS:
Jana van den Berg (Gr. 11) verwerf drie eerste plekke, twee tweede plekke en een derde plek en eindig algeheel tweede in haar ouderdomsgroep in die solo-afdeling. In die groepdansafdeling verwerf haar groep vier eerste plekke. Jana kwalifiseer om Suid-Afrika in April 2023 in Montreal, Kanada by die 2023 Wêreld Kampioenskappe te verteenwoordig.

SOUTH AFRICAN HIGLAND DANCING CHAMPIONSHIPS:
Garren Beaven (Gr. 12): *Intermediate All Ages*-afdeling, deel en behaal een eerste plek, een tweede plek, twee derde plekke, een vierde plek en een vyfde plek.
Marlé Bosman (Gr. 12): Kategorie vir 18 en ouer – wen al haar danse en word gekroon as die volwasse Suid-Afrikaanse kampioen vir 2022. In die kompetisie vir die nasionale kampioen, word sy in die kategorie, 18 tot 20 jaar, as gesamentlike wenner aangewys, nadat sy twee van die vier dansitems wen en 'n tweede plek in die ander twee dansitems verower.
Tydens die interprovinsiale kompetisie (*RSA Interprovinsial Challenge*) verteenwoordig Marlé en Garren die Gautengspan wat tweede eindig.
Hulle individuele prestasies tydens hierdie kompetisie: Garren behaal 'n eerste en 'n tweede plek. Marlé word hier as die algehele wenner in die 17-18 jaar ouderdomsgroep aangewys.

SABOD: DSSA NATIONAL STREET DANCE COMPETITION:
Chandré van der Merwe (Gr. 10) se span het 'n tweede plek verwerf.
Jessica Oosthuizen (Gr. 9) se span het 'n eerste plek verwerf.
Albei verwerf senior Gautengkleure in Street Dancing en albei word opgeneem in die SA span wat in September in Oostenryk gaan deelneem.

INTERNATIONAL DANCE ORGANIZATION - WORLD HIP HOP & POPPING CHAMPIONSHIPS:
Jessica Oosthuizen (Gr. 9) en Chandré van der Merwe (Gr. 10) het in Graz, Oostenryk gaan deelneem aan die World Hip Hop & Popping Championships aangebied deur die International Dance Organization (IDO).

Hierdie dogters het beide hulle Protea kleure ontvang net voor hulle vertrek het.

MGHHDA DANCE CHAMPIONSHIPS:
Tydens die MGHHDA (Mario Gomez Hip Hop Dance Academy) Dance Championships gehou by Gold Reef City in die Lyric Theatre, het **Tiffany Rix** (Gr. 11) se dansgroep die Flawcision Crew 'n eerste plek behaal en die Resurrection Crew 'n tweede plek.

TADA SUID-AFRIKAANSE KAMPIOENSKAPPE:
Arnel Swart (Gr. 9) het deelgeneem aan TADA (*The All-style Dance Association*) se Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Eerste plek: Latin (*Intermediate* 13-16 jaar); Tweede plek: *Mega/Energy* (Intermediate 13-16 Jaar); Derde plek: *Jazz* (*Intermediate* 13-16 Jaar); Vierde plek: *Contemporary* (*Intermediate* 13-16 jaar); *Afro Fusion* (*Intermediate* 13-16 jaar).

IDLE AUTO FEST:
Tiffany Rix (Gr. 11) se hip-hop dans groep het tydens die Idle Auto Fest wat gehou is by the Mall of Africa deelgeneem aan die Idle Auto Fest Street Dance kompetisie. Sy dans in twee groepe: die Flawcision Crew verwerf 'n tweede plek en die Bodacious Crew 'n eerste plek.

ON THE STAGE DANCE FESTIVAL 2022
Arnel Swart (Gr. 9): Ramba Solo – Silver; Mega/ Energy Solo – Silver; Samba Solo – Silver; Cha Cha Solo – Goud, Cha Cha Duo – Goud, Hip Hop Team – Goud, Latin Team – Silver

BALLET BEYOND BORDERS:
Marissa van den Berg (Gr. 10) het in Aug 2021 'n beurs gewen om aan die *Ballet Beyond Borders* Los Angeles, in die VSA deel te neem. As gevolg van die reisverbod van die VSA, kon sy nie in persoon gaan deelneem nie, maar kon die beurs gebruik om die aanlyninskrywing te betaal. Dansers van regoor die wêreld neem aan die gesogte dansgeleentheid deel. Dansers word gekeur en kry dan die geleentheid om klasse van wêreldbekendes in die danswêreld by te woon en aan die kompetisie deel te neem. Marissa verwerf 'n silwer medalje in die Ope afdeling in die Senior ouderdomsgroep. Sy ontvang ook weer 'n beurs om aan die volgende Ballet Beyond Borders kompetisie deel te neem.

ADA (AMERICAN DANCE AWARDS) SA ULTIMATE CHALLENGE:
Marissa van den Berg (Gr. 10): Solos: Vir al drie haar solo's behaal sy *ultimate gold* (bo 95%), vir twee van die drie solo's behaal sy 'n eerste plek en vir die ander 'n derde plek. Sy ontvang 'n *Special Award* vir haar *Open solo* vir *Percussive Intelligence*; *Best Costume*; *For bringing Flavour*'. Hierdie solo behaal ook die vyfde hoogste punt in die *competitive* 15 jaar groep.
Duo's & Kwartette: Een duo behaal *ultimate gold* (bo 95%), is die tweede hoogste punt in die *competitive* 16 jaar en ouer-groep. Die ander duo behaal *gold* (bo 90%), is die derde hoogste punt in die *competitive* 16 jaar en ouer groep. Die een kwartet behaal *ultimate gold* (bo 95%), en kry ook toekenning as die hoogste punt in klein groepe *competitive* 16-jaar-en-ouer-groep. Die ander kwartet behaal gold (bo 90%)
Groepe: Sy dans in ses groepe waarvan vier *ultimate gold* en twee *gold* ontvang. Die een groep ontvang die hoogste punt vir 'n groot groep, die beste choreografie asook die

derde hoogste punt uit 1490 inskrywings. Een van die ander groepe behaal die tweede hoogste punt vir groot groepe.
Sy kwalifiseer om volgende jaar Suid-Afrika by die *American Dance Awards Finale*, vanaf 3 tot 9 Julie in Providence, Rhode Island in die VSA, te verteenwoordig.

BATTLE OF THE GIANTS
Jessica Oosthuizen (Gr. 9) het op 23 April aan die *Battle of the Giants World Trial Circuit* by Sun City deelgeneem in die Hip Hop 15-16-afdeling. Sy behaal 'n vyfde plek vir haar solo en 'n tweede plek in die Kleingroep kategorie.

SKRYFKUNS:

INK, DIG & SKRYFKOMPETISIE:
Die kompetisie is geborg deur die FAK, AfriForum, die Taalmonument en Afrikaans.com. Daar is altesaam 1452 inskrywings van 344 digters en skrywers ontvang. 915 gedigte en 162 kortverhale word in drie bloemlesings opgeneem. Dit is die tweede keer dat hierdie eer Mia Le Roux (Gr. 11) te beurt val. Agt van haar gedigte en twee van haar kortverhale word vanjaar in die Skryf in Afrikaans se Inspraak 3 bloemlesing gepubliseer wat tydens 'n gala-aand by *Batter Boys*, Montana in Pretoria amptelik vrygestel is. Tydens die geleentheid word Mia aangewys as die nasionale wenner van die Jeug Kortverhale-kategorie.

AFRIFORUM JEUG: TEL OP JOU PEN EN WEN:
Mia le Roux (Gr. 11) is aangewys as die nasionale wenner van die AfriForum se *Tel op Jou Pen en Wen* meningstukkompetisie. Die kompetisie was gemik op jongmense tussen die ouderdomme van 16 en 26 – om 'n meningstuk oor 'n relevante kwessie in ons land te skryf. Mia het oor die tema, "Afrikanererfenis, ons monumente en standbeelde", geskryf.

VOORTREKKERS:

Een van die hoogste rangposisies wat 'n Hoërskool voortrekker (Verkenner) op kommandovlak kan ontvang, is die van 'n Kommandojeugleier-verkenner. Die kommandojeugleier moet n senior verkenner, verkieslik in graad 10 of 11 wees. Hulle word deur 'n formele stemproses verkies en het verskeie pligte in die kommando: bywoning van die kommandobestuursvergaderings; bywoning van die gebiedjeug-raadsvergaderings; beplanning, organisering en aanbieding van verkenneraktiwiteite gedurende die jaar van hul termyn; skakeling tussen die kommandojeugraad en die kommandobestuur; skakel met die betrokke gebiedsjeugleiers ten opsigte van sake wat jeuglede raak. Hierdie jaar is daar drie kommandojeugleiers in Hoërskool Randburg, naamlik:
Mia Le Roux (Gr. 11) – Unika Kommando
Ciska Raubenheimer & Wietske Visser (Albei Gr. 11) – Klipfontein Kommando
Mia het op 16 Julie deelgeneem aan die jeugleierskeuring van Leeuwenveld Voortrekkers, wat uit ses Kommandos in Johannesburg en ses Kommandos in Centurion se jeugleiers bestaan. Die Verkenners het vroegoggend deelgeneem aan 'n wye spektrum van aktiwiteite wat onder meer die volgende insluit: probleemoplossing, kommunikasie, groepsinteraksie, tydsbestuur, taakverdeling, volg van prosedures, openbare redevoering en onderhoudvoering.
Sy is daar as een van twee jeugleiers vir die Leeuwenveld gebied vir 2022 tot 2023 aangewys.

JUNIOR STADSRAAD

Die Junior Stadsraad van Johannesburg bestaan uit 72 jong leiers in graad 11 uit 36 skole van regoor Johannesburg. Hierdie lede kry die geleentheid om op ses verskillende rade of komitees te dien wat kwelpunte in die gemeenskap aanspreek. Hulle fokus veral op die identifisering van probleme wat die jeug op 'n dag-tot-dag basis in die gesig staar. Hulle kry die geleentheid om die aangeleenthede aan te spreek en oplossings te probeer vind en te implementeer.
Ons het vanjaar 'n hele paar leerders wat op die Junior Stadsraad van Johannesburg dien.
Jan-Rudolf Britz (Gr. 10) verkry 'n permanente setel in die leierskapstruktuur van die Junior Stadsraad. Hy word nou by Raadsvergaderings as *Deputy Leader of the Opposition* en nie meer as Councillor Britz aangespreek nie. By raadsvergaderings het hy dus nou 'n amptelike spreekbeurt by elke mosie en item op die sakelys.

KULTUURTROFEES:

Junior Kultuurdogter:	**Aliza de Beer** (Gr. 8)
Junior Kultuurseun:	**Ethan Bester** (Gr. 9)
Senior Kultuurdogter:	**Franciska-Louise Raubenheimer** (Gr. 11) & **Marissa van den Berg** (Gr. 10)
Senior Kultuurseun:	**Jan-Rudolf Britz** (Gr. 10)
Best Senior Speaker:	**Jan-Rudolf Britz** (Gr. 10)
Best Junior Speaker:	**Ethan Bester** (Gr. 9)
Beste Junior Redenaar:	**Ethan Bester** (Gr. 9) & **Nina Kotzé** (Gr. 9)
Beste Senior Redenaar:	**Jan-Rudolf Britz** (Gr. 10)
Beste Eisteddfod Prestasie:	**Jan-Rudolf Britz** (Gr. 10) & **Franciska-Louise Raubenheimer** (Gr. 11)
Toneelspeler van die Jaar:	**Franciska-Louise Raubenheimer** (Gr. 11)
Beste Senior Kultuurprestasier:	**Marissa van den Berg** (Gr. 10)
Beste Buiteskoolse Kultuurprestasie:	**Kamo Lefawane** (Gr. 10)
Beste Foto van 2022:	**Lovelle Hoar** (Gr. 11)
Fotograaf van die Jaar:	**Nina Novella** (Gr. 10)
Skrywer van die Jaar:	**Mia Le Roux** (Gr. 11)
Beste Danser: Senior:	**Marissa van den Berg** (Gr. 10)
Junior:	**Arnel Swart** (Gr. 9)
Musiekstudent van die Jaar:	**Franciska-Louise Raubenheimer** (Gr. 11)

BEHEERLIGGAAMVOORSITTERVERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

Hoe sê mens dankie na soveel jare…
Hoërskool Randburg was die beste skool vir my drie kinders.
Die Bloumasjien

- het 'n unieke identiteit en karakter;
- bied 'n ruimte waar elke kind geborge, geliefd en veilig voel – 'n ruimte waar elke kind 'n ster is – 'n ruimte waar elkeen met trots kan sê hulle is deel van die Randjie-familie en geleer word wat die waarde van mekaar is;
- bied elke kind die geleentheid om te groei en te ontwikkel op akademiese, sport-
- en kultuurvlak;
- vat hande met ouers om ons kinders voor te berei vir die lewe en bied geleenthede vir drome om waar te word. Ons leerders kan hul plek in die lewe volstaan;
- gee rigting in verandering;
- dien die gemeenskap;
- bied geleenthede om Hom te eer, te loof en te prys;
- is 'n oefenplek vir die lewe.

Hoërskool Randburg is 'n uitstekende skool! My gesin is trotse Randjies! Ons harte klop warm! Ons harte klop blou!
Dit was 'n voorreg om sedert 2013 saam met julle te kon werk vir iets wat my só na aan die hart lê – ons skole. Ek is oneindig dankbaar teenoor ons Vader vir Sy genade. Dankie aan elke bestuurspanlid, personeellid, werker, onderwyser, leerder, ouer en beheerliggaamlid wat oor die jare my pad gekruis het. Ek het oor die jare baie mense leer ken en ongelooflik baie geleer.
Daar was vele hoogtepunte, uitdagings, veranderings, aanpassings – 'n Randjie gaan lê nooit nie.
Vanjaar

- het ons leerders die Randjie-vaandel hoog gehou op akademiese gebied, die kultuurverhoog en die sportveld (plaaslik, nasionaal en internasionaal);
- het ons uitgereik na die gemeenskap ("Free on Friday", Nelson Mandela Kinderhospitaal);
- moes ons afskeid neem van Randjie-familielede (soos juffrou Corlia Tepper wat vir meer as tien jaar deel was van ons);
- het ons ook nuwe Randjie-familielede verwelkom (soos klein Lienke van Niekerk en Migael Stevenson);
- kon ons deel in ander se vreugde (juf. Ellenize en juf. Lin ontvang elk 'n trofee en sertifikaat vir hul uitnemende onderrig, juf. Ellenize en juf. Leoné se AdMaths-leerders se top uitslae, juf. Nicola het mev. Crous geword, vier oud-Randjies is deel van die nuwe telenovelle, oud-Randjie, Charla Bosman, se toekenning as die Tim Atkin, *Young Winemaker of the Year*");
- kon ons deel in ander se leed;
- kon ons voortbou op ons drome om ons skool 'n beter plek te maak – ons het die Educatio Atrium ingewy tydens die DANKIE RANDJIE-FEES, ons het 'n dak oor die hoofnetbalbaan gebou...

Soos elke einde van die jaar moet ons groet. Aan elkeen wat ons verlaat, sê ons totsiens en dankie. Dit was 'n voorreg om julle as deel van die Randjie-familie te kon hê!
Onthou, eenmaal 'n Randjie, altyd 'n Randjie. Ons hou julle dop.

Lekker rus! Mag die feesgety gevul wees met hoop, vrede, vreugde, lag en liefde en mag 2023 geseënd en voorspoedig wees!
My beste wense vergesel Hoërskool Randburg.
Ek groet met trane in my oë en 'n knop in my keel. Dit was 'n voorreg!

Randjie-groete
Graeme Ross: Voorsitter Beheerliggaam

HOOF SE VERSLAG (VANUIT DIE JAARBLAD)

2022 was vir Hoërskool Randburg 'n baie spesiale jaar. Ons kon hierdie jaar COVID-19 se kloue finaal afskud en weer 'n normale skooljaar bedryf. Daar was die opwinding van nuwe graad 8's en hulle konsert, 'n Atletiekinterhuis en Interhoër, 'n volledige wintersportprogram en kultuuraktiwiteite wat ons program baie vol gemaak het. Dan was daar ook al die prestasies. Dit is asof deelnemers opgemaak het vir die vorige jare wat ons niks kon doen nie. Ons kinders het oorsee gedans, gesing, atletiek gedoen, gaan skiet, ens.... en elkeen van hulle het ons land amptelik verteenwoordig.

Vir die eerste keer in meer as 20 jaar het al vier ons rugbyspanne die Goue Leeus finaal gehaal en die o/14- en o/15-spanne het dié trofee verower. Ons 0/14-span wen toe die Noord-Vaal kompetisie vir groot skole en dit is gelykstaande aan die ou tradisionele Direkteurstrofee. Dit het ook meer as tien jaar gelede gebeur.

Ons het ons dak oor die vierkant voltooi en benoem as die *Educatio Atrium* ter erkenning aan die *Educatio Trust* wat vir ons die fondse geskenk het. Ons het die dak amptelik in gebruik geneem met die Dankie Randjiefees wat deur meer as 1100 mense bygewoon is. Wat 'n fantastiese aand! Ons simfonie-orkes, koor, skool-"band", solo-sangers – leerlinge en personeel het gesorg vir hoendervleisoomblikke. Dit was 'n aand van TROTS en vermaak van uitstaande gehalte en dit was so special om dit met al ons kinders, ouers en personeel te kon deel.

Ons het ook 'n dak oor die A-netbalbaan kon bou en kan nie wag vir die volgende netbalseisoen om hom te gebruik nie.

Wat sê 'n mens na so 'n jaar? Dit is asof die woord "dankie" te klein is vir wat ek bedoel, maar baie, baie dankie.

- Dankie, vir elke glimlag.
- Dankie, vir elke stewige handdruk.
- Dankie, vir entoesiasme.
- Dankie, vir kreatiewe idees.
- Dankie, vir elke oomblik van TROTS.
- Dankie, vir elke ouer wat die skool en hulle kind ondersteun.
- Dankie, vir elke onderwyser wat soveel meer doen as wat 'n mens kan verwag.
- Dankie, vir ons Beheerliggaam vir julle ondersteuning en leiding.
- Dankie, vir elke kind – julle maak ons werk elke dag spesiaal.
- Dankie, Here, vir U seën en genade. Ons weet U hou hierdie skool in U hand.

Dankie, Randburg. Eenmaal 'n Randjie, altyd 'n Randjie.
P. Booysen: Hoof